

## **Sing vooraf staande:** Skrifberyming 3-4:1, 2

- 1 U, Christus, is my lewe, / die sterwe wins vir my. / In lewe en in sterwe / is ek aan U gewy.
- 2 As ek nog hier moet lewe, / beteken dit vir my / dat ek vir die gemeente / nog langer diensbaar bly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

Psalm 23:1, 2 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsvare, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,  
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –  
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

**Skriflesing:** Lukas 4:14-30; Matteus 10:32-33; Heidelbergse Kategismus, Sondag 12

**Kernvers:** Lukas 4:18-19

**Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.**

(Lukas 4:18-19 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### **Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?**

*Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).*  
(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15.  
(d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 21:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28; Open 12:10, 11.

### **Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?**

*Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).*  
(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Open 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Efes 6:11; 1 Tim 1:18, 19.  
(g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

**Tema:** Jesus is gesalf tot ons hoogste Profeet – deur die geloof is ons profete vir God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die ewige lewe is om God die Vader te ken en om Jesus Christus wat deur Hom gestuur is te ken, so sê Jesus dit in sy Hoëpriesterlike gebed in Johannes 17:

**En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. (Johannes 17:3 AFR83)**

Wanneer Jesus praat van *ken*, beteken dit nie dat ons maar net weet van God en weet van Jesus Christus nie. Baie mense weet van God en Christus omdat hulle die Name al gehoor het en sommige mense gebruik selfs hierdie Name om te skel en te vloek. Alhoewel hulle van God en Christus weet, ken hulle Hulle nog nie. As Jesus praat van ken, bedoel dit dat 'n mens diepgaande kennis het van wie God en Jesus Christus is. Dit beteken dat 'n mens werklik weet wie Hulle is en wat Hulle doen, en watter invloed Hulle op 'n mens se lewe het.

Net uit Jesus se woorde in sy gebed kan ons aflei hoe belangrik dit is om Hom en sy Vader te ken. Kennis van hulle is die ewige lewe, want indien 'n mens Hulle werklik ken soos wat Hulle Hulleself aan ons openbaar, lei die Heilige Gees die gelowiges om deur middel van die geloof aan Hulle verkleef te bly. As gelowige weet jy dat jou lewe van God en Christus afhanklik is – nie net hierdie lewe nie, maar jou ewige lewe.

Vanoggend luister ons verder wat die Heilige Gees aangaande die Name van die Seun van God aan ons openbaar. Met wat die Heilige Gees uit die Bybel aan ons leer, sal ons daarby kom om beter te verstaan wat ons in ons Kategismus bely aangaande die Naam Christus. Maar aangesien geloof nie net 'n saak vir ons verstand is nie, sal die Heilige Gees ons ook op die troos wys wat ons uit die Naam Christus verkry. Verder sal Hy vir ons wys hoe hierdie geloof van ons in Christus sigbaar behoort te word in ons lewens van dag tot dag.

Wanneer ons stilstaan by Sondag 12 wat oor die Naam Christus handel, kan ons op verskeie maniere daarna kyk en luister. Daarmee bedoel ek dat ons alles wat ons hier bely op een slag in oënskou kan neem, maar dan kan dit gebeur dat ons net op die oppervlak van die geloof wat ons bely sal skuur. 'n Ander manier is om elkeen van die twee vrae afsonderlik te hanteer. Dan kan ons effens dieper indaal in wat ons bely, maar dan bestaan die moontlikheid dat ons moeilik sal kan raaksien watter effek die Naam Christus op ons gelowiges regtig het. 'n Derde manier om te werk te gaan is om die drie onderskeie dele van elkeen van die twee antwoorde te neem en in verband met mekaar te behandel. Sodoende, en mag die Gees ons daarin lei, kan ons nog dieper indaal om werklik begrip te hê van wat ons bely, kan ons die troos van ons verlossing nog meer beleef, en kan ons duideliker sien hoe ons ons geloof kan uitleef. Dit lyk vir my goed om hierdie derde metode te volg.

Tog moet ons met hierdie metode ook versigtig wees. Daarom word ons aandag eers gevra vir albei die vrae en antwoorde. Jesus het een omvangryke opdrag van sy Vader ontvang. Hy moes die mensdom van hulle sondes verlos en weer met God versoen. Hierdie een opdrag het, kom ons noem dit, onderskeie skakerings, naamlik dié van profeet, hoëpriester en koning. Dit beteken dat Jesus sy verlossings- en versoeningswerk op 'n profetiese, hoëpriesterlike en koninklike wyse verrig. Geliefdes, ons noem dit sodat ons, in ons hantering van Sondag 12 op die gekose manier, nie die fout maak om te sê dat Jesus drie ampte gehad het nie. Laat ons dit eerder 'n drievoudige amp noem, een amp met drie onderskeie skakerings.

Ons het nou lank genoeg getalm. Laat ons nou by die punt kom. Ons staan vanoggend stil by hierdie eerste gedeeltes van elke antwoord: Die Seun van God word Christus genoem, **omdat Hy deur God die Vader met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het**; en ons word Christene genoem, **omdat ons deur die geloof lede van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het sodat ons sy Naam kan bely**.

Broers, susters en kinders, om by hierdie gedeeltes van die twee antwoorde stil te staan, moet ons eers weet wat salwing is en wat dit beteken om gesalf te word. Ons lees op verskeie plekke in die Ou Testament dat die Here sekere persone gesalf het om priesters, profete of konings te wees. Aäron is gesalf as hoëpriester vir God, Elisa is gesalf as profeet van die Here, en Saul en Dawid is as konings gesalf oor die volk van God. Elke keer as iemand so gesalf is, is olie wat lekker ruik oor die persone se kop uitgegiet sodat dit afgeloop het oor sy liggaam en klere en 'n verkwikkende geur versprei het.

Wanneer die Here iemand so gesalf het, het drie dinge duidelik geword. Ten eerste, met die salwing word dit vir almal wat dit sien duidelik dat God daardie persoon uitgekies het om 'n spesifieke taak in diens van die Here te verrig. Ten tweede is die salwing vir die betrokke persoon die versekering dat die Here aan hom gawes gee en deur die Heilige Gees bekwaam maak en lei om hierdie gawes tot verheerliking van God te gebruik. Ten derde beteken die salwing dat die persoon 'n opdrag van die Here ontvang het en nou uitgestuur word om die werk te gaan doen sodat ander mense God ook dien en eer.

Toe die tyd van die Nuwe Testament aanbreek, was die salwing van mense vir 'n spesifieke werk dus nie onbekend nie. En nou bely ons: die Seun van God word Christus genoem **omdat God die Vader Hom met die Heilige Gees gesalf het**. Ons Vader in die hemel het nou nie net meer die olie as 'n heenwysing na die Heilige Gees gebruik nie. Hy het sy Seun Jesus met die Heilige Gees self gesalf. En almal wat by Jesus se doop

teenwoordig was, het gesien hoe die Heilige Gees in die sigbare gedaante van 'n duif op Hom neerdaal.

Met hierdie salwing het God self aangetoon dat sy Seun wat as die mens Jesus gebore is deur Hom uitverkies is as ons Verlosser en Saligmaker. Deur die Heilige Gees is Jesus se menslike natuur toegerus en bekwaam gemaak om die verlossingswerk te doen. Ons weet mos reeds sedert Sondag 6 dat Jesus ware God en ware mens is. As ware God kan Hy die verlossingswerk doen, maar as ware mens moet Hy deur die Heilige Gees toegerus en bekwaam gemaak word. En God het aan Hom die opdrag gegee om die verlore mensdom op 'n profetiese, priesterlike en koninklike wyse van hulle sondes te verlos en met God te versoen. By sy doop is aan Jesus die titel *Christus* gegee. Met hierdie titel word Jesus se ampswerk aangedui.

Omdat die Heilige Gees ons deur die geloof in Christus Jesus inlyf en ons in die eenheid van die ware geloof aan mekaar verbind as die liggaam van Christus, het ons deel aan Christus Jesus se salwing. Christus is die Hoof van sy liggaam, die kerk. En soos wat die olie oor die gesalfde persoon se kop afgeloop het oor sy hele liggaam en sy klere deurtrek het, so stort God sy Heilige Gees uit dat Hy van Christus Jesus af oor sy hele liggaam – die kerk – vloei en die hele kerk deurtrek. En die gevolg hiervan is dat elke ware gelowige – oud en jonk, klein en groot, man en vrou – gesalf is met die Heilige Gees. Dit beteken dat elke gelowige in die amp van die gelowige aangestel is. En hierdie amp moet ons op 'n profetiese, priesterlike en koninklike wyse uitvoer.

Maar geliefdes, om waarlik ons roeping as gelowiges op 'n profetiese wyse uit te voer is dit nodig dat die Here ons leer wat dit beteken om profeet te wees. Daarom kyk ons eers hoe Jesus sy amp uitgevoer het en wat dit behels het. Hy is gesalf tot ons hoogste Profeet en Leraar.

Kort nadat Jesus gedoop is en deur God as die Christus aangewys is, is Hy deur die Gees die woestyn ingeneem waar die Satan Hom veertig dae lank probeer oorhaal het om nie gehoorsaam te wees aan sy hemelse Vader nie. Na hierdie veertig dae het Jesus in Jerusalem en in die omstreke begin preek. Vol van die krag van die Gees het Hy toe ook later teruggekeer na Galilea en spesifiek na die dorpie Nasaret waar Hy as kind grootgeword het. Soos dit sy gewoonte was, het Hy op die sabbat wat Hy daar in Nasaret was na die sinagoge gegaan. In die erediens van die sinagoge kon enige een uit die Skrif lees en daarna 'n stigtelike woord spreek. So het Jesus dan ook opgestaan en die boekrol van Jesaja is aan Hom gegee om uit te lees. En dit is wat Hy lees:

**Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.** (Lukas 4:18-19 AFR53)

Nadat Jesus geles het, het Hy die boekrol toegemaak en teruggegee en gaan sit. Dit is hoe die een gemaak het wat nou 'n stigtelike woord gaan spreek. Maar Jesus spreek nie net 'n stigtelike woord nie. Luister hoe begin Hy sy preek:

**Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.** (Lukas 4:21 AFR53)

Van die dae van Moses af verwag die volk dat die Here weer 'n profeet soos Moses vir hulle sal gee. Hy sal iemand wees wat die Woord van God, sy raad en wil aan hulle sal openbaar. Hierdie verwagting het deur die eeue aangegroei en is deur Jesaja en die ander profete versterk, sodat die volk die Messias verwag het. *Messias* is die Hebreeuse woord

wat *Gesalfde* beteken en in Grieks met *Christus* vertaal word. Hierdie profeet sal die Gesalfde van God wees wat sy volk uit hulle nood en ellende sal verlos. Hy sal aan hulle die verlossing van God verkondig en bring.

En Jesus sê vir die mense in die sinagoge van Nasaret: Die belofte wat Jesaja destyds geskryf het, het vandag waar geword. Dit is op My, sê Jesus, wat die Gees van die Here gekom het. Die Here het My gesalf om die blye boodskap te verkondig en die verlossing vir die volk van God te bring. Ek is die Messias van God wat aan die volk van God sy verborge raad en wil aangaande julle verlossing kom bekend maak. Ek is Jesus die Christus wat julle van al julle sondes sal verlos.

Aanvanklik stem die hele sinagoge in met wat Jesus preek en is hulle verwonderd oor die aangename woorde wat uit sy mond uitkom. Maar dan kom daar 'n beroering onder hulle.

**Is hy nie die seun van Josef nie?** (Lukas 4:22 AFR53)

Ja, hy is die timmerman se seun wat hier by ons grootgeword het. Hoe kan hy nou te kenne wil gee dat Hy die Christus, die Gesalfde van God is. En toe Jesus Homself nog verder op gelyke voet met die profete Elia en Elisa stel, was die gort gaar. Die hele sinagoge was woedend en wou Hom net daar om die lewe bring. Maar die tyd het nog nie aangebreek dat Jesus vir die volk se sondes moes sterf nie.

Geliefdes, hierdie verwerping van Jesus in Nasaret was maar die eerste van vele wat sou volg omdat Jesus waarlik as die hoogste Profeet en Leraar die raad en wil van God verkondig het. Die mense in Nasaret en die Jode op baie ander plekke het Jesus verwerp omdat hulle nie die Woord van God wou hoor soos die Here dit bedoel het nie. Die prentjie wat hulle gehad het van die Messias van God en wat hulle van Jesus gesien en geweet het, het nie by mekaar gepas nie. Die Messias kan mos nie uit Nasaret kom nie. Hy moet uit die stam Juda wees, uit die nageslag van Dawid. Hierdie mense het net 'n timmerman se seun gesien toe hulle na Jesus gekyk het.

Ons sal miskien kan sê, maar hoe kon die mense van Nasaret so dom wees? Ons sou eerder daarop trots gewees het as iemand van ons dorp na 'n lang ruk hier aangekom en opgestaan het en sê: Ek is die beloofde Messias wat julle van julle sondes sal verlos. Maar geliefdes, ons bely dat Jesus **die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle** aan ons **bekend gemaak het**. Vir eeue lank was dit vir die mensdom onbekend wie die Messias nou regtig is. En skielik staan hier 'n man op wat onder ons grootgeword het en sê: Ek is die Messias, die Gesalfde van God. Dit sal vir ons, net soos vir die mense van Nasaret, te ongelooflik wees om waar te wees. Miskien sal ons nie sover gaan om hom te wil doodmaak nie, maar ons sal hom waarskynlik uitlag en sê hy is van lotjie getik.

Omtrent drie jaar later het die Jode Hom toe doodgemaak op die wreedaardigste manier. Omdat Hy regtig die hoogste Profeet en Leraar is, omdat Hy die verborge raad en wil van God oor ons verlossing is, moes Hy vir ons sterf aan die kruis. So het daar deur Hom alleen vir ons die verlossing van sondes gekom.

En hoewel Jesus Christus nie meer in sy menslike gestalte hier by ons is nie, beteken dit nie dat Hy nie meer ons Profeet en Leraar is nie. Onthou Hy is ware God en as ware God is Hy oral teenwoordig, ook hier by ons. Daarom, elke keer wanneer ons die Bybel lees, is die Gees van Christus in ons aan die werk om ons te laat verstaan wat ons lees sodat ons God nog beter kan leer ken. Elke keer wanneer die Woord van God gepreek word, in die erediens, by huisbesoek, langs die siekbed of sterfbed, in die katkisasie of by

huisgodsdien, dan is Christus deur sy Gees en Woord besig om ons te leer, want Hy is steeds ons hoogste Profeet en Leraar.

Wie die weg tot verlossing wil leer ken, moet by die voete van Jesus Christus kom sit wanneer Hy in die Bybel met ons praat. Dit is ook wat Hy bedoel het toe Hy gesê het:

**Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.**

(Matteus 11:28-30 AFR53)

Jesus is immers die enigste weg en die waarheid en die lewe (Joh 14:6). Daar is geen ander manier om by die Vader uit te kom nie behalwe deur Jesus Christus wat die weg vir ons leer en die weg vir ons maak nie.

Broers, susters en kinders, Christus leer ons voortdurend deur sy Gees en Woord omdat ons lede van Hom is. Die Heilige Gees is elke oomblik binne ons aan die werk sodat ons hoe langer hoe meer in die geloof aan Christus kan vashou as ons Verlosser. Maar die werk van die Gees gaan nog verder. Hy maak ons nuut sodat ons die beeld van Christus kan vertoon. Dit behels dan dat ons ook ons amp as gelowiges op 'n profetiese wyse sal uitvoer. Omdat ons met die Gees van Christus gesalf is, is ons profete vir God die Vader en die Seun.

God het ons gekies om sy kinders te wees, Hy het aan ons gawes gegee en deur sy Gees maak Hy ons bekwaam om ons gawes in sy diens aan te wend. Daarom het elkeen van ons die opdrag om as profete die evangelie van verlossing in en deur Christus Jesus aan almal te verkondig. Die mensdom verkeer vanweë hulle sonde in nood. En deur God is ons begenadig om te weet dat ons verlos is deur Jesus Christus en met God versoen is. Ons beleef die rykdom van God se liefde en trou net omdat God dit aan ons wou skenk. Daarom kan en wil ons skaamteloos die enigste weg tot redding aan almal verkondig wat nog in die duisternis van sonde verdwaal. Tog doen is dit nederig, want ons weet dat dit alleen uit genade is dat God ons kinders van Hom gemaak het en die reg gegee het om kinders van God te wees.

Maar nou moet ons baie goed onthou dat ons nie meer die keuse het of ons God se Woord wil verkondig of nie. Ons het die opdrag van die Here Jesus Christus self om dit te doen. Daarom moet ons oral van Christus getuig – in ons huise, by ons werk, op die sportveld, in vergaderings, by die skool, deur voorbeeld en woord altyd en onder alle omstandighede. As ons dit nie doen nie en mense gaan as gevolg van ons nalatigheid verlore, sal God hulle bloed van ons hande eis. As ons Christus nie openlik voor die mense wil bely nie, sal Hy ook ons name voor God verswyg.

Laat ons daarom nie die Heilige Gees bedroef deur nie ons opdrag as profete uit te voer nie. As ons ons opdrag versaak, loop ons dieselfde pad as Saul wat ook 'n gesalfde van die Here was, maar aan die einde van sy lewe die salwing verag het en nie sy opdrag wou uitvoer soos die Here wil nie. Mag God ons van so 'n opstand teen Hom bewaar.

Geliefdes, aan hierdie opdrag van die Here kan ons getrou bly. Sy Heilige Gees is immers altyd in ons, sy Woord is in ons hand en op ons hart. Mag God deur sy Gees ons lei om nie op te hou om die Bybel te lees en na die prediking daarvan te luister nie. Christus wil ons meer en meer van Hom en sy werk leer sodat ons Hom kan verkondig soos goeie profete.

**Amen!**

## Slotgebed

Psalm 45:1, 16 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.  
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 16 Ek sal, o Vors, U eer bewys, / u Naam deur die geslagte prys.  
Die volke sal, in U verblyd, / U loof vir ewig en altyd.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
10 November 2013